# Gebedsbulletin
# No. 29 van 2026

## 19 Julie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Dankie en asseblief wen in ons gebede

’n Klein stroompie bekommernis wat vrye toegang tot jou hart het, kerf spoedig ’n diep groef in jou lewe oop. Dan dreineer al jou gedagtes en emosies uiteindelik hierin. Anders gesê: bekommernis is dodelik en gulsig. Dit neem jou ganse lewe stap vir stap oor. Paulus weet dit. Daarom skryf hy in Filippense 4:6 dat ons nie bekommerd moet wees oor enigiets nie. Hy sê: “Bid altyd en oral. Smeek God en dank Hom. Doen dit terwyl julle alles wat julle nodig het, bekendmaak aan Hom.”

Met dieselfde kop en hart waarmee ons oor enigiets bekommer, moet ons ook leer om oor alles te bid. Gewoonlik doen ons net mooi andersom. Ons bid oor niks en ons bekommer oor alles. Dit is verkeerd. Hoor weer: dis andersom! Die oplossing vir enige lewe wat gedurig op kommer ingestel is, is ’n lewe wat gedurig op gebed gefokus is.

Gebede wat “altyd en oral” gebeur, word gekenmerk deur smeking en danksegging. In sulke gebede maak ons ons daaglikse behoeftes aan God bekend. Ons plaas dit alles by Sy voete neer en vertrou Hom daarmee.

Terwyl ons smeekgebede ons afhanklikheid van God verwoord, vertel ons dankgebede weer dat alles in ons lewe genade is. Ons danksegging is ons daaglikse erkenning dat God goed en vol ontferming is. Ons sê elke dag vir Hom dankie. Ook vra ons elke dag vir God om ons te help. So neem kommer die wyk.  Ons opregte dankies en ons asseblief voor God bevry ons van kommer.

*deur* **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Johnny Viviers
Lottie Conradie
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Tannie Sannie Wentzel
Wessel Louwrens
Debbie Fourie
Oom Dup du Plessis
Madelein Els
Adriaan Alberts
Adri Botha
Judy Roux
Anja Daniels
Elliana Kotzé




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae’s . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.:  0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan ‘n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK

